Wolkskool-Dosent: Rekeningkunde – Graad 10 tot 12

Solidariteit Helpende Hand

Die pos is gesetel in Kloofsig, Pretoria. Die geskikte kandidaat moet in besit wees van ’n toepaslike B-graad, nagraadse onderwysdiploma (NGOS/H.O.D.) en moet geregistreer wees by SACE. Rekeningkunde II (tweedejaarsvlak) en 3 jaar onderwyservaring is minimumvereistes vir hierdie pos.

Die bywoning van vorige VAW- en SOS-Opleidings sal die aansoek versterk. Die kandidate wat aansoek doen, moet ’n bewese rekord van innovasie in die klaskamer ten toon stel. Werksure sal gewone kantoorure wees. ’n Kompeterende vergoedingspakket met voordele sal onderwysers en departementshoofde in staat stel om aansoek te doen.

Wolkskool is ’n aanlynskool en ’n projek van Solidariteit Helpende Hand se Skole-ondersteuningsentrum (SOS) – ’n Afrikaanse Khan Academy en baie meer. Voltydse- en deeltydse leerders sowel as leerders wat ekstra hulp benodig vir ’n paar vakke moet volledig deur Wolkskool begelei word tot die vervulling van hul akademiese vermoë. Die pos as **Wolkskool-Dosent: Rekeningkunde** behels onder andere die volgende take:

- Die maak van kort video’s oor alle dele van die Graad 10 – 12 Rekeningkunde-kurrikulum.
- Die saamstel van leermateriaal vir Graad 10 – 12 wat aanlyn beskikbaar gestel word.
- Die opstel van assesserings, onder andere formatiewe en summatiewe multikeusetoetse, klastoetse en eksamens wat aanlyn sowel as met pen en papier geskryf kan word.
- Die nasien van al bogenoemde assesserings.

- Kommunikasie met ouers en leerders oor vordering en prestasie van leerders via ’n kommunikasie-platform.
- Die ondersteuning van afstandleerders via ’n webgebaseerde kommunikasie-platform.
- Die samestelling en uitbreiding van Rekeningkunde e-boeke.

Die volgende vaardighede is noodsaaklik vir hierdie pos:

- Vertroudheid met alle vorme van tegnologie – apps, tablette, programmatuur soos Explain Everything, PowerPoint (Video) en Wolfram Alpha.
- Ervaring met die beginsel van “Flipped Classroom”.
- ’n Bewese rekord van vervlegte leer (blended learning).
- ’n Liefde vir navorsing en ’n leergierige aard.

Aansoeke sluit 29 Maart, 2018